



## 27 JANUARIE 2019

### OPSOMMING

Dit is weer tyd vir die opsomming van die week se Dagstukkies vanaf 21-25 Januarie 2019 met die tema: **#Gehoorsaamheid**.

Gehoorsaamheid is een van die belangrike karakter eienskappe van 'n wedergeboorte Christen. Maandag was die Skrifgedeelte opgeteken in Joh. 15:9, wat ons herinner aan die loot en die wynstok se innige vereniging, 'n verwysing na die diepe eenheid tussen die Seun van die mens, Jesus en God, die Vader.

Joh.15:9 verklaar: "Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad. Bly in hierdie liefde van My" So 'n diepe verhouding spreek van daardie onvoorwaardelike liefde wat die mens tot die totale gehoorsaamheid aan God bring. Natuurlik sal die vyand alles in sy vermoë probeer om daardie diepe verhouding van gehoorsaamheid te verongeluk, maar dank die Here vir die outoriteit wat God aan ons gegee het.

Volgens 2 Kor.3-5 "Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp. Terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus."

Gehoorsaamheid is beter as offerhande, daarom maan Apostel Paulus die kinders dat hulle, hul ouers gehoorsaam moet wees. Ef.6:1-3 verklaar: "Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg. Eer jou vader en jou moeder – dit is die eerste gebod met 'n belofte – sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde." God is wakker op Sy woord om dit te volbring.

In my ouerhuis het ek 'n duur les geleer oor gehoorsaamheid, wat dan ook my ingesteldheid in lyn gebring het, as gelowige, om my te kan onderwerp aan diegene wat oor my aangestel is, veral in die huis van die Here, om gehoorsaam te wees aan my voorgangers. Heb.13:17 sê: "Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie sugtend nie; want dit is vir julle nie nuttig nie."

Jesus was gehoorsaam aan God tot die dood toe, ja, die dood aan die kruis, want dit was die liefde vir die wêreld wat Hom na die kruis geneem het. 2 Joh.1:6 verklaar: "En dit is die liefde, dat ons wandel volgens Sy gebooië, dit is die gebod soos julle van die begin af gehoor het dat julle daarin moet wandel." Dit is dus duidelik volgens 2 Joh. 1:6 dat die liefde nie net in teorie of by voorneme moet bly nie, maar dit moet in daad omskep word; ons moet daarin wandel.

Ten slotte: Geloof behoort sigbaar te word in die liefde, deur die totale onderdanige gehoorsaamheid aan die woord van God.

Hoop u het groot seëninge en vreugde uit die Dagstukkies geput. Kyk uit na volgende week se tema: **#Beskerming**. U kan in skakel op [www.tygerberg104fm.co.za/blog/](http://www.tygerberg104fm.co.za/blog/)

Vrede / Shalom  
Dennis Francis